

Christus verenig man en vrou om mekaar as eggenote lief te hê

Ds. PJ Kriel

Huweliksbevestiging Leander en Joanika Grobler

23.01.2021

Inhoud Preek Hierdie preek wys dat in die huwelik leef ons uit twee geheimenisse: ons vereniging met Jesus Christus en ons vereniging as man en vrou. Beide hierdie vereniging is nie verhoudings nie maar verbintenisse wat God deur 'n magsdaad skep waarin Hy twee met mekaar verenig om een te wees. Hy verenig ons met Hom as mens in die hemel om ons sondes te deel en ons sy heiligheid, smetloosheid en onberispelikheid te laat deel. Hy verenig ons as man en vrou om in en vir mekaar "husband" and "wife te wees. In ons vereniging met Christus aanvaar ons mekaar as man en vrou soos Hy ons aanvaar, en nie hoe ons onself aanvaar nie, skuld ons mekaar vir ons sondes niks behalwe liefde en kan ons liefde van onbelangrike dinge onderskei.

Skriflesing: Efesiërs 5: 21- 33.

Teks: ³¹Daar staan in die Skrif: "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees." ³²Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit

Tema: Christus verenig man en vrou om mekaar as eggenote lief te hê

1. 'n Geheimenis wat van toepassing is op Christus en sy kerk en ook op man en vrou in die huwelik! Die besondere van die huwelik is dat ons uit twee geheimenisse leef. Wat is hierdie geheimenis?

Dit is die geheimenis dat ons band met Christus nie 'n verhouding is nie, maar 'n vereniging.

Dit is ook die geheimenis van die verbintenis van man en vrou in die huwelik: hierdie band is nie 'n verhouding nie. Dit is 'n vereniging wat God skep.

2. Ons kan die verskil tussen die twee tipe verbintenisse 'n verhouding en 'n vereniging is toelig met die voorbeeld van die verskil tussen twee ander soorte verbintenisse: 'n oplossing en 'n mengsel of emulsie.

'n Oplossing gebeur wanneer jy suurstof en waterstof laat verbind. Die suurstof bly suurstof en die waterstof bly waterstof, maar wanneer hulle onderling met mekaar verenig, dan vorm hulle in hierdie verenig iets heeltemal anders en is hulle baie meer as net waterstofgas en suurstof.

In hulle verenig word hulle water, al is hulle nog net suurstof en waterstof.

'n Mengsel lyk baie soos 'n oplossing maar dit is nie 'n oplossing nie.

Dit is soos wanneer 'n mens olie en water bymekaar gooi en dit skud en meng. Dan breek die olie en water in baie klein deeltjies op en gaan hierdie deeltjies op in 'n mengsel van amper 'n wit salwerigheid.

Maar die verskil is dat daar tussen die deeltjies van die olie en water geen vereniging plaasvind nie. Dit breek maar net in kleiner deeltjies op en meng met

Christus verenig man en vrou om mekaar as eggenote lief te hê

ander deeltjies, maar dit bly nog net 'n mengsel van water en olie wat opbreek in en mekaar opgaan.

Maak nie saak in hoe klein deeltjies die water en olie in mekaar opbreek nie, nie eers die kleinste deeltjie olie of water verenig met mekaar nie.

3. Christus is vandag steeds mens in die hemel!

As mens is Christus heilig en onberispelik, sonder vlek of iets dergeliks.

Die gawe van die Gees wat die Here Jesus Christus aan sy kerk gee maak hierdie verbintenis tussen sondaars en Homself: ons word met Hom in sy menswees in die hemel verenig!

Hierdie vereniging maak dat Hy ons sonde met ons deel en daarom is ons sonde sy sonde. Met die regsbeginself: die deler is so goed soos die steler. In hierdie vereniging kon die Here daarom sy lewe as offer aflê vir ons sonde want in sy vereniging met ons is ons sonde sy sonde.

Hierdie vereniging maak dat ons alles wat Christus as mens in die hemel is, deel. So maak en laat Hy ons heilig en onberispelik, sonder smet of rimpel of iets dergeliks wees.

4. Hierdie vereniging met Christus is nie 'n verhouding nie. Dit gebeur nie deur wedersydse liefde tussen ons en Christus nie. Dit gebeur nie deur ons aanbidding, oorgawe of gehoorsaamheid aan God nie.

Dit is 'n vereniging waar God deur sy Gees ons werklik insluit en laat deel in wat Christus as mens is: Hy verenig en deel alles wat ons as sondaars is sodat Hy ons in alles deel laat deel in wat Hy as mens in ons plek is.

Hierdie vereniging tussen die Here en ons vorm iets totaal nuuts en anders as wat die Here in Homself en ons in onself is: die kerk van die Here, sy liggaam.

Dit is die geheim van ons verbintenis met Christus – dit is 'n vereniging.

5. En dit is die soortgelyke geheimenis tussen man en vrou in die huwelik. Geheimenis omdat dit 'n daad van God is, 'n skepping van God. Hy laat dit gebeur.

Die huwelik is God wat 'n man en 'n vrou (in Engels a man and a woman) verenig en hulle iets ander in hierdie vereniging maak as wat hulle net in hulle self is: Husband and wife, eggenote.

Wanneer doen God dit?

Hy doen dit wanneer 'n man en vrou in liefde een lewe, een tuiste, een inkomste, een toekoms en een liggaam met mekaar deel.

God verenig hierdie twee mense as man en vrou (husband and wife) om 'n nuwe "oplossing" te vorm: die huwelik.

Christus verenig man en vrou om mekaar as eggenote lief te hê

Leander en Joanika dit is wat ons vandag hier saam met julle vier: julle wat julle self aan mekaar só toewy: in liefde een lewe, een tuiste, een inkomste, een toekoms en een liggaam. Deur julle self só vir mekaar te gee, het julle nie meer net 'n verhouding nie, maar verenig die Here self julle as man en vrou vir mekaar.

Dit is die rus wat julle in mekaar as man en vrou kan vind in die Here. God het in en vir ons hierdie geheimenisvolle verenig geskep: husband and wife, man en vrou, in en vir mekaar.

Hierdie vereniging is nie soos julle verhouding gewees wat 'n mengsel was wat julle altyd moes skud en roer, altyd weer nuwe opwinding of iets anders moes kry om mekaar besig te hou, anders sak alles uit mekaar en skei hulle soos olie en water.

Die verbintenis van die huwelik wat God skep is heeltemal iets anders: dit is nie 'n mengsel nie, maar 'n vereniging. Hierdie band is blywend en het geen geskud nodig nie. Julle kan in God rus vind dat God laat die huwelik gebeur soos dit gebeur en God laat die huwelik werk soos dit werk.

6. Daarom moet julle as man en vrou julle verbintenis as man en vrou in die huwelik vind en deurleef in julle geloof in God.

Julle moet mekaar in hierdie skeppingsdaad van God herken en aanvaar: Hy het ons een gemaak!

Leander, God het jou só met Joanika verenig dat jy net in haar as vrou (wife) jouself as man (husband) kan vind en wees.

Joanika, God het jou só met Leander verenig dat jy net in hom as man (husband) jouself as vrou kan vind en uitleef.

Hierdie geloof sal julle elke dag in die rus laat leef dat julle in mekaar verwonderd is oor wat God met julle gedoen het en elke besig is om te doen.

7. Om hierdie vereniging as man en vrou te bewaar het die Here julle ook in die ander geheimenis laat deel: julle verenig met Hom as Here.

Daarom maak die Here deur Paulus hierdie oproep tot julle: “aanvaar mekaar dan soos Christus Jesus julle ook aanvaar het tot eer van God. (Rom. 15: 7)

Julle moet versigtig wees om mekaar as man en vrou te aanvaar soos julle jul self aanvaar. Ons sondes maak dat ons baie keer onself aanvaar vir minder of anders as wie die Here ons laat wees. Ons aanvaar onself baie keer met die skuld, die smet en die veroordeling wat pas by ons begeertes en oortredings.

Wanneer jy jouself of jou man of vrou só aanvaar, dan ontsê en ontnem julle julle self vir mekaar vir hoe julle man en vrou vir mekaar mag en moet wees – soos die Here julle vir mekaar man en vrou maak en bedoel om te wees.

Christus verenig man en vrou om mekaar as eggenote lief te hê

Daarom moet julle mekaar elke dag weer man en vrou aanvaar soos die Here julle aanvaar. Leander want in Joanika se vereniging met Christus as vrou is en bly sy vir die Here altyd heilig en onberispelik, sonder vlek en rimpel ten spyte van al die sondes wat sy doen.

Jy moet haar elke dag weer en weer in hierdie geloof in die Here aanvaar. In hierdie geloof sal jy alles wie sy as vrou vir jou kan wees, meer as wat sy van haarself voel en dink, vir jou en haar ontsluit.

Net so Joanika moet jy Leander aanvaar soos die Here hom aanvaar: vir die Here heilig, sonder smet en onberispelik. So sal jy ook alles wie hy as man vir jou kan wees ontsluit wat meer sal wees as wat hy van homself voel en dink.

8. Deur julle vereniging met Jesus Christus sal die Here vir julle jul vereniging as man en vrou ook so laat werk soos Paulus dit stel in Romeine 13: 8: “Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê.”

Julle vereniging met Christus maak dat Hy al die skuld wat julle teenoor mekaar moes hê vir al die sondes wat julle teenoor mekaar sal begaan, sy skuld is wat Hy op Hom geneem het en die skuld ten volle vereffen het deur sy dood aan die kruis.

Daarom kan julle in hierdie geloof nooit weer teen mekaar vir sondes skuldig staan of voor die eis staan om wat julle verkeerd gedoen het teenoor mekaar te moet reg maak nie. Christus het daardie skuld weggevat en julle vir God en mekaar reg gemaak.

In hierdie geloof kan julle alles wat julle vir en mekaar doen, doen om mekaar net as man en vrou lief te hê. As julle vir mekaar om vergifnis vra is dit nooit weer uit skuld of om reg te maak nie, maar net om mekaar weer te kan lief hê. Wanneer julle weer toewyding aan mekaar beloof is dit nooit om iets wat verkeerd is reg te maak of om lief te probeer verdien nie. Dit is net om mekaar te mag en kan lief hê in hierdie vereniging met Christus wat ons vir altyd onskuldig en reg vir sy liefde laat wees.

In julle vereniging met Christus sal julle altyd as man en vrou so vir en met mekaar kan leef: “Ons skuld mekaar niks behalwe om mekaar te mag en te kan lief hê nie.”

9. In julle vereniging met Christus sal Hy julle ook op 'n besondere wyse in sy liefde vir julle lei. Paulus beskryf dit in Romeine 14: 17 só: “Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde wat die Heilige Gees vir ons gee.”, of anders gestel: “My liefde vir God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid in sy liefde vir my.”

Christus se liefde laat ons onderskei wat vir liefde belangrik en vir liefde totaal onbelangrik is. Binne hierdie teks beteken dit wat, hoe en wanneer ons eet en drink, is totaal onbelangrik vir die liefde waarin ons mekaar dien en eer as man en vrou. Hoe warm en koud, hoe smaaklik of onsmaklik, hoe gaar of nie gaar nie, hoe anders of dieselfde die kos en drank is wat ons saam eet en drink, is totaal onbelangrik vir ons liefdevolle diens en toewyding aan mekaar as man en vrou.

Christus verenig man en vrou om mekaar as eggenote lief te hê

Liefde maak alles wat nie diensbaarheid en eer is, totaal onbelangrik – ook hoe die huis lyk waarin ons bly, die kar waarmee ons ry en die klere wat ons dra.

Christus het ons as man en vrou verenig in dit wat die wesenlike van alles is: om liefdevol diensbaar aan mekaar te wees.

10. Binne hierdie vereniging wat die Here in en met julle skep: husband and wife, nie net sommer 'n man en vrou nie, kan julle ook met julle verhouding met mekaar sukkel sonder om mekaar as man en vrou vir mekaar te verloor.

Want julle verbintenis tot mekaar is nie meer net 'n verhouding nie. Dit is deur die wyse waarop julle juis vir mekaar gee en dit wat God daardeur doen – 'n vereniging wat totaal iets anders en kragtiger is as net 'n verhouding.

'n Vereniging wat Hy as God laat werk soos Hy dit gemaak het.

Leander en Joanika!

Gee en ontvang mekaar as man en vrou in liefde om een in lewe, tuiste, inkomste, in toekoms en een liggaam te deel, in die geloof dat God julle as man en vrou verenig.

Julle mag julle self in niks vir mekaar ontsê of weerhou nie.

Gee en ontvang mekaar in die geloof in julle verenig met die Here in en deur al julle gebreke en moedswillighede. Ontdek mekaar in die geloof in julle eie verenig met die Here as heilig, onberispelik, sonder vlek of rimpel.

Want die liefde kan net gegee en ontvang word as heilig en reg. Liefde kan nie gegee en ontvang word in die geloof dat jy is nie vir my heilig en reg nie!

Dan sal julle elke dag mekaar weer en weer ontdek in hierdie verwondering – ons is met mekaar verenig en in jou is ek man, in jou is ek vrou, saam in die huwelik.

Leander en Joanika, gee julle self en ontvang mekaar as man en vrou!

Kom doen dit openlik hier voor die Here en elkeen teenwoordig!